

PROSEDURE VIR DIE HANTERING VAN TOELATING TOT DOKTORALE STUDIE SONDER 'N GOEDGEKEURDE NAVORSINGSVOORSTEL

1. Die departementele voorsitter, voornemende promotor en die student voltooi die vorm vir toelating tot doktorsale studie sonder 'n goedgekeurde navorsingsvoorstel en stuur dit aan die Fakulteitsbeampste. Die vorm bevestig dat:
 - toestemming verleen word dat die voornemende doktorsale kandidaat mag registreer;
 - die departementele voorsitter en voornemende promotor van mening is dat die navorsingsvoorstel teen die keerdatum vir die laaste vergadering van die Komitee vir Hoër Grade en Navorsing (KHGN) (September van die betrokke akademiese jaar) gefinaliseer sal wees;
 - die promotor van mening is dat dit binne die kandidaat se vermoë is om die navorsingsvoorstel deur die Toelatingskomitee-stadium te voer en betyds vir die laaste vergadering van die KHGN in die betrokke akademiese jaar in te dien;
 - die doktorsale kandidaat kennis geneem het van bogenoemde mening en bewus is van die potensiele akademiese en finansiële implikasies indien die keerdatum nie gehaal word nie.
2. Die voltooide vorm, soos uiteengesit in 1, moet die Fakulteitsbeampste op die laaste teen 31 Maart bereik.

Toelating en inskrywing tot enige doktorsale program behels 'n aanlyn-aansoekproses wat volle registrasie *voorafgaan*. Die student sal hieropvolgend met 'n studentennommer voorsien word. Alle tersaaklike inligting oor reeds verworwe kwalifikasies en waar hulle verwerf is, moet hierdie aansoek vergesel. Studente moet ook die vereiste aansoekfooï betaal. Internasionale studente moet toesien dat hulle vorige kwalifikasies deur die Internasionale Kantoor geëvalueer word.

3. Aansoeke vir toelating tot doktorsale studie sonder 'n goedgekeurde navorsingsvoorstel vir registrasie miv die tweede semester sal slegs oorweeg word indien voornemende doktorsale studente skriftelik bewys kan lewer dat hulle 'n studiebeurs vir 'n doktorsale studie ontvang het of studieverlof gekry het om die doktorsale studie te voltooi.
4. Die keerdatum, soos uiteengesit in 1, is van toepassing op voornemende doktorsale studente wat miv die akademiese jaar, asook miv die tweede semester van die akademiese jaar, sonder 'n navorsingsvoorstel geregistreer het.
5. Indien die sperdatums in afdeling 1 (en afdeling 4) nie gehaal word nie, sal die student nie toegelaat word om weer in die daaropvolgende jaar te registreer vir die voortsetting van hul doktorsale studie nie.